

Die Krag in die Bloed van Jesus.



Exo 12:7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.

Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom [genadetroon] in te gaan **deur die bloed van Jesus**.

Die Krag in die Bloed van Jesus.

Die bloed van Jesus Christus het 'n krag, wat enige ander krag wat ooit op aarde vrygelaat is vervang en kragteloos maak.

Moet NOOIT die kosbare bloed van Jesus minag of gering skat nie. Dit reinig ons, beskerm ons en genees ons. Dis die waarborg van ons geloof en stel ons in staat om die seëninge van God ons eie te maak.

Laat my toe om u in te lig dat daar 328 verse in die Bybel is wat praat oor die bloed, van Genesis tot Openbaring. (E-SWORD-BYBEL)

Ons is met God die Vader versoen deur die bloed van sy Seun, Jesus Christus.

1Pet 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,

1Pet 1:19 maar deur die kosbare bloed van Christus, **soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,**

2Kor 5:18 En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,

Die Ou Testamentiese bloed van diere het net die sonde bedek, maar die bloed van Jesus was die sonde weg, maak ons skoon, reinig ons.

Open 1:5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed

1Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

Die bloed van Jesus is die enigste reinigingsmiddel wat met die sonde kan klaarspeel. "Hemelse Antibiotika"

Dawid druk dit so mooi uit in sy aangrypende gebed van sondebelydenis in Psalm 51. Hy bid in die 9de vers: **“Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu.”** Net alleen

die bloed van Jesus kan my ontsondig.

Die kruisdood van Jesus was die hemelse tjek vir die volle betaling van al die skuld en sondes van die hele wêreld.

Jesus Christus die ‘sondebok’.

Jaarliks moes die Israelitiese hoëpriester op die Groot Versoendag twee bokke na die ingang van die tent van samekoms [later die tempel] bring. Een van hierdie bokke moes hy dan daar slag en van sy bloed op die volk sprinkel, asook op die versoendeksel van die ark van die verbond in die Allerheiligste. Daarna moes die hoëpriester albei sy **hande op die kop van die ander bok lê** “en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregthede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en **hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur ‘n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur.** So moet die bok dan op hom al hulle **ongeregthede na ‘n woeste land wegdra; en hy moet die bok in die woestyn los.** “ **Lev 16:21-22.**

Die een bok moes daar op die plek van samekoms sy [onskuldige] lewe aflê vir die sonde en skuld van die volk, so moes die tweede bok dan **die sonde wegdra na die wildernis om daar deur ‘n roofdier gevang en** verskeur te word. So doen hierdie onskuldige bok dan simbolies versoening vir die hele volk. Bloed bedek sonde, en wanneer God die onskuldige bloed sien, sien Hy nie meer die sonde nie.

Die Groot Versoendag, was dan ook die dag waarop die onskuldige, sondelose Jesus Christus vir ons sondes moes sterf. Op dieselfde tyd toe die een bok by die tempel geoffer en die ander een die wildernis ingeneem is.

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Jes 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom.

Soos die sondebok van ouds is Hy weggeneem uit die stad om daar buite

wreed 'verskeur' te word deur genadelose soldate . Sy bloed het gevloei. Al Sy bloed. Dit het ons sonde, wat op Hom was, bedek voor die oë van God. So het Hy al ons sonde en oortredinge weggeneem voor die aangesig van God, 'n heilige God.

Die bloedoffer van Jesus Christus.

Jesus Christus het dus deur aan die kruis van Golgota te sterf 'n eenmalige offer gebring vir die sonde van die hele wêreld, indien hulle bereid is om Sy offer te aanvaar en Hom aan te neem as hul Saligmaker.

Heb 9:11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,

Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy **eië bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing** teweeggebring.

Heb 9:13 **Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers** wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,

Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

Heb 9:15 **En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van** die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Heb 9:16 **Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;**

Heb 9:17 **want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.**

Heb 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;

Heb 9:19 want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel

Heb 9:20 en gesê: Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.

Heb 9:21 En hy het ook die tabernakel en al die gereedskap van die

diens net so met die bloed besprinkel.

Heb 9:22 En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergiëting vind daar geen vergifnis plaas nie.

Heb 9:23 Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie.

Heb 9:24 **Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie**, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;

Heb 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,

Heb 9:26 want dan moes Hy dikwels gelyk het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy [Jesus Christus] een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer [bloed] weg te doen.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Heb 9:28 so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

Vrywillig het HY hierdie offer gebring.

Heb 10:5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en **spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam** berei.

Heb 10:6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.

Heb 10:7 Toe het Ek[JESUS] gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God.

HY het gekom om die 'wil van GOD' te doen. HY was die enigste redder wat ons kon red van die ewige verderf. Dit is nie GOD se wil dat enigiemand verlore moet gaan nie. GOD se wil is dat almal gered moet word. (1Tim 2:3 **Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, Vers 4 wat wil hê dat alle mense gered word en tog die kennis van die waarheid kom. 2 Pet 3:9(b) maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.**) Dit is ons wat die keuse moet maak. Aanvaar ons hierdie onselfsugtige offer van JESUS of verwerp ons dit? En vertrap ons sy kosbare bloed onder ons voete? Heb 10:29 Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God VERTRAP het
Heb 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die lig-

gaam van Jesus Christus, net een maal.

Heb 10:11 En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie;

Heb 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God.

Nou is HY vir ewig ons Priester volgens die orde van Melgisédek.

In die Ou Testamentiese bedeling moes die priester op 'n gereelde basis offers voor GOD offer vir die sondes van die volk, maar JESUS het 'n eenmalige offer, SY eie kosbare bloed, gebring en GOD het HOM vir ewig Priester gemaak volgens die orde van Melgisédek.

Heb 7:21 maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—

Heb 7:22 **in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.**

Heb 7:23 **En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly;**

Heb 7:24 **maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.**

Heb 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Heb 7:26 **Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;**

Heb 7:27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.

Heb 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

Die bloed van Jesus Christus beskerm.

Tydens die Israeliete se verlossing uit Egipte sien ons hoe die bloed van 'n lam beskerming verleen aan die Israeliete, in die nag toe die doodsengel [die verderwer] deur Egipte getrek het.

Exo 12:5 **Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van**

die skape of van die bokke kan julle dit neem.

Exo 12:6 En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

Exo 12:7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.

Almal wat hierdie opdrag uitgevoer het, het bewaar gebly. Hoeveel te meer sal die bloed van Jesus ons nie beskerm nie. HY is die LAM van GOD. As ons SY opdragte getrou uitvoer kan ons staat maak op SY beskerming. Daar is krag in die bloed van die LAM.

Exo 12:23 Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.

As ons wil weet wie die verderwer is, moet ons kyk na Openb 9:11 En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreëus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion. Abáddon en Apóllion beteken verderwer, vernietiger, verwoester. **Hy is dus 'n demoniese wese. GOD het die mag om enige demoon te gebied om te doen wat HOM behaag.**

Bloed is lewe.

Die Skrif leer ons dat die siel van alle vlees in die bloed is.

Lev 17:11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

Dieselfde woord “nephesh” wat in die Woord as ‘siel’ vertaal word, word ook as ‘lewe’ vertaal, want die siel/ lewe is in die bloed. Dreineer die bloed uit die liggaam en die persoon sterf. Die Mediese Wetenskap het al verskeie masjiene wat kan instaan vir verskeie organe wat die mens aan die lewe kan hou vir 'n sekere tydperk, maar daar is geen plaasvervanger vir bloed nie. Daar is geen plaasvervanger vir LEWE nie. SLEGS GOD kan lewe gee. Neem die bloed weg en die dood tree in. Neem die BLOED weg uit die Bybel en die kerke en dit sterf, net so seker as wanneer jy die bloed uit die menslike liggaam verwyder.

Die leuse van die Suid-Afrikaanse Bloedskenkersvereniging is dan ook

heel paslik: “Skenk bloed, skenk lewe.”

As lewe dan in die bloed is, kan ons verstaan waarom Heb 12:24 sê dat **die bloed van Jesus ‘spreek’ van beter dinge.**

Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

Enige bloed wat onskuldig vergiet word spreek tot God, want alle lewe **behoort aan God. Daarom ‘spreek’ daardie bloed tot God. God is die** eienaar van alle lewe.

Gen 4:10 En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer[Abel] roep na My van die aarde af.

Christus se bloed spreek van beter dinge. Waar Abel se bloed om wraak geroep het, spreek Christus se bloed van versoenende liefde en vergifnis. Hierdie bloed sê ook vir die duiwel dat hy oorwin is en dat hy en sy magte uitgeklee en in die openbaar tentoon gestel is. [Kol 2:15] Dit sê ook vir Satan dat hy geen bewyse het om die gelowige voor God aan te kla nie. Die bloed van Jesus getuig vir my.

1Joh 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.

Die funksies van die bloed van Jesus

Omdat ‘n mens vir sy sondes moet sterwe, is dit net bloed wat vir ‘n mens se sondes kan betaal.

1. Versoenende Krag:

In die sondige menslike natuur is daar ‘n vyandigheid teenoor GOD en alles wat heilig is. Dit is net die versoenende krag in die bloed van JESUS wat die mens met GOD kan versoen.

2Kor 5:18 En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,

2Kor 5:19 naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

2. Reddende Krag:

Selfs waardevolle items soos goud en silwer kon geen redding koop vir die verlore mensdom nie. Slegs die kosbare bloed van JESUS was waardevol genoeg om die mens se siel uit die hel los te koop. Die **Griekse woord hier beteken om lewe te verseker vir 'n gevangene, of om vryheid vir 'n slaaf te koop deur 'n spesifieke prys te betaal. Ons** almal was slawe van die sonde en die duiwel.

1Pet 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,

1Pet 1:19 maar deur die kosbare bloed van Christus, **soos van 'n** lam sonder gebrek en vlekkeloos,

3. Verlossende Krag:

CHRISTUS het ons verlossing met SY eie bloed gekoop, sodat ons sonde uitgekanselleer kan word en ons waardig gemaak kan word om in die teenwoordigheid van GOD en die heiliges te kan verkeer.

Kol 1:14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

4. Reinigende Krag:

Deur SY bloed se reinigende krag is ons skoon gewas en ons gewetes gereinig van die dooie werke van die vlees.

1Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

5. Aantrekkingskrag:

Ons wat ver was [in onguns by GOD] het nou deur SY bloed die vrymoedigheid om tot GOD te nader, om naby GOD te kom en in sy guns te wees.

Efes 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.

6. Toenaderende Krag:

Deur SY bloed het ons nou die vryheid tot volle toegang tot die Allerheiligste, tot GOD self.

Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

7. Verenigende Krag:

Die verenigende krag van SY bloed bring ware gelowiges op die punt waar hulle werklik in HOM en HY in hulle kan bly.

Joh 6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

8. Regverdigmakende Krag:

Deur die regverdigmakende krag van SY bloed, is ons versoen met GOD en is ons die straf vir die sonde gespaar.

Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

9. Heiligmakende Krag:

Soos JESUS buitekant die poort moes ly om ons te voorsien van die **Heiligmakende krag van SY bloed, behoort ons ook “buitekant” hierdie ou wêreld en sy sondige begeertes ‘n afgesonderde lewe vir HOM** te lei. 1Pet 1:16 Omdat daar geskrywe is wees heilig want Ek is heilig.

Heb 13:12 Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.

10. Vredebringende Krag:

Die vredebringende krag van SY bloed het vrede bewerkstellig tussen GOD en die mens deur die skeidsmuur tussen die sondige mens en die regverdige GOD af te breek en die mens met GOD te versoen.

Kol 1:20 en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis—ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.

11. Beskermende Krag:

Exo 12:13 **Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is:** as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

Exo 12:23 Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verder-

wer [ook die dief en die moordenaar] nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.

12. Genesende Krag:

Die genesende krag van die bloed van JESUS is daar vir die genesing van ons fisiese liggame asook vir alle emosionele wonde en kwale.

1Pet 2:24 wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

13. Nuwe Testamentiese Krag:

Die Nuwe Testament of verbond. Op hierdie beker, wat simbolies is van die bloed van JESUS, is die nuwe verbond uitgegrae en verseel. Ons word gemaan om dit dikwels te doen, nie as herinnering aan ons sondes nie, maar as herinnering aan SY eenmalige offer wat vir ons verlossing van ons sondes gekoop het.

1Kor 11:25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.

1Kor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

1Kor 11:27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.

14. Gemeenskaplike Krag:

Wanneer ons die nagmaal brood eet en die beker drink het ons gemeenskap met Christus en deel ons in al die voordele wat HY deur SY bloed tot ons beskikking gestel het.

1Kor 10:16 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?

15. Die Drank met Lewensvatbare Krag:

Net soos lewe in die bloed van elke lewende wese is, is daar lewe, die ewige lewe, in die bloed van JESUS.

Joh 6:55 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.

Joh 6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.
Joh 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.

16. Die Bloed as die Sterkste Koopkrag:

Niks anders kon ons loskoop van die hel, behalwe die kosbare, dierbare bloed van JESUS nie. Dit is die sterkste koopkrag wat daar nog ooit was.

1Pet 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,

1Pet 1:19 maar deur die kosbare bloed van Christus, **soos van 'n lam** sonder gebrek en vlekkeloos,

17. Die Was- en Bleikmiddel van Krag:

Geen bleikmiddel op aarde, hoe duur en goed ook al, beskik oor die vermoë om die sonde weg te was en ons hemelse bruilofskleed wit te was nie.

Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.

18. Die Goeie en Skoon Gewetenskrag:

Die bloed van JESUS was nie alleen ons sondes weg nie, maar verwyder ook die vlekke van skuldgevoelens op ons gewetes.

Heb 10:22 **laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte** gewete en die liggaam gewas met rein water.

19. Die Betroubaarste Getuie op aarde met krag:

Wanneer iemand in die hof aangekla word van iets, hang dit baie van die getuies wat geroep word af, wat die uiteindelijke bevinding van die hof sal wees. Die bloed van JESUS is ons getuie, op die aarde, dat ons sonde weggewas is en dat ons vry van sondeskuld is.

1Joh 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die

water en die bloed, en die drie is eenstemmig.

20. Die Oorwinnende Krag:

Deur die bloed van JESUS het ons ook die krag om die Satan en die wêreld te oorwin.

Open 12:11 En hulle het hom[Satan] oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

Ons moet net altyd in gedagte hou dat Jesus die tweede persoon in die Godheid is en dat ons nie meer waarde sal heg aan die BLOED van Jesus as aan JESUS self nie.

Die bloed van die offerdier moes 7 keer gesprinkel word tydens die versoening

Lev 16:14 En hy moet van die bloed van die bul neem en dit met sy vinger op die versoendeksel aan die oostekant sprinkel; en voor die versoendeksel moet hy sewe maal met sy vinger van die bloed sprinkel.

Lev 16:19 en met sy vinger van die bloed sewe maal daarop sprinkel. So moet hy dit dan reinig en heilig van die onreinhede van die kinders van Israel.

JESUS HET SEWE MAAL SY BLOED GESTORT

1. Getsemane

2. Gegésel

3. Kroon van dorings

4. Gekneus

5. Hande

6. Voete

7. Hart

1. In Getsemane

JESUS moes in Getsemane worstel met Sy eie wil.

Luk 22:39 En Hy het vertrek en volgens gewoonte na die Olyfberg

gegaan. En ook sy dissipels het Hom gevolg.

Luk 22:40 En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie.

Luk 22:41 **En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as ‘n mens met ‘n klip kan gooi, en neergekniel en gebid**

Luk 22:42 en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!

In hierdie geweldige worstelstryd het HY bloed gesweet.

Luk 22:44 **En toe Hy in ‘n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.**

Hematidrosis

“From Wikipedia, the free encyclopedia “

“Hematidrosis (also alled hematohidrosis or hemidrosis or blood sweat) is a very rare condition in which a human sweats blood.^[1]

It may occur when a person is suffering extreme levels of stress, for example, facing his or her own death. Several historical references have been described, notably by Leonardo da Vinci, describing a soldier who sweat blood before battle, and men unexpectedly given a death sentence, as well as descriptions in the Bible that Jesus sweat blood in the garden of Gethsemane “

2. Gegésel

Joh 19:1 Toe neem Pilatus dan vir Jesus en laat Hom gésel.

“Before a condemned man was taken to the cross, it was a preliminary procedure to have that man scourged. The type of whip used by the Romans was totally different than the kind used during the days of slavery in the Southern United States. The Romans used a kind of whip that had long leather strips. At the end of each of these leather strips were pieces of sheep bone and other VERY sharp objects. Thus, when this whip **came down upon a man’s back, it also wrapped around the chest of the bent over man.** This whip ripped through skin, muscles and nerves. This **caused intense pain. As the whip came down on the man’s back and wrapped around his chest.** severe bruising on the rib cage and the lungs

would occur. Thus, when a man took a breath, it was extremely painful. Thus, during and after this brutal scourging, Jesus had to be careful to take shallow short breaths because if he attempted a normal deep breath, he would be in extreme agony.

If we had been there to view the scourging of Jesus, we would see his entire back broken open. Not only would the top layer of skin be totally ripped open, but also deeper layers of the back that would have ripped apart muscles and nerves. Large pieces of flesh came flying off of Jesus back, chest and legs.

The pain must have been agonizing not only on the back but also on the chest. Jesus would continuously slump down on the ground, only to be jerked back up again so that the scourging could continue. Many people **died at the whipping post.**”

“As the scourging continued, the man would experience nausea and vomiting as well as severe dizzy and fainting spells. Yet the Roman soldiers showed no mercy as the scourging continued. When the scourging of Jesus was finished, he had huge black, blue and purple bruises all over the front and back of his body. He could hardly stand up.”

<http://instituteofbiblicaldefense.com/2013/02/the-scourging-and-the-crown-of-thorns/>

In die joodse strafproses is die aantal houe vir n oortreder tot veertig beperk (Deut 25:3) Hulle het dan gewoonlik nege en dertig houe toegedien om seker te maak dat die wet nie oortree word indien daar dalk verkeerd getel is nie. Twee derdes van die geselhoue was op die rug toegedien en een derde op die bors. Elke geselhou was dus nege houe = $39 \times 9 = 351$ houe, 26×9 Op die rug = 234, 13×9 op die bors = 117 " $234 + 117 = 351$ " Die hele liggaam, die gesig ingesluit, was spoedig totaal vermink en geskend. Miskien sal ons Jes 52:14 nou beter verstaan. Vers 14 so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en Sy gestalte was nie soos die van n mensekind nie.

“The instrument of torture was a sort of knout or cat-o'-nine-tails, with bits of iron or bone attached to the ends of the thongs. Not only did the blows cut the skin and draw blood, but not infrequently the victim died in the midst of the operation. “

<http://biblehub.com/library>

3. Kroon van dorings

Joh 19:2 **En die soldate het 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit, en 'n purper kleed om Hom gewerp**

“In order to do this, the soldiers took part of a thorn bush and formed a “cap” that covered his entire head. These thorns probably came from the “Syrian Christ thorn” plant. These thorns were as hard as nails. When the Roman soldiers rammed down the crown of thorns on the head of Jesus, the thorns went through the two major nerves that covered the entire head. When the crown of thorns came down upon Jesus, he experienced “trigeminal neuralgia” There would be agonizing pain all over the front and sides of his face. There would also be agonizing pain on the insides of his ears. It would have been the equivalent of having someone come up with a knife and stabbing a person all over the face. “

<http://instituteofbiblicaldefense.com/2013/02/the-scourging-and-the-crown-of-thorns/>

4. Gekneus

KNEUSING – bloei aan die binnekant sonder om die vel te breek, 'n innerlike wond.

Luk 22:64 En hulle het Hom geblinddoek en Hom in die aangesig geslaan en Hom gevra en gesê: Profeteer wie dit is wat U geslaan het.

Jesus is gekneus in Sy liggaam, maar ook in sy siel en gees.

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel [bruised]; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde [stripes] het daar vir ons genesing gekom.

Kneusing kan plaasvind deur woorde, verdrukking of onderdrukking. Dit kan gebeur waar mense jou seermaak en teleurstel en dit vind plaas in jou siels gedeelte – jou emosies en denke. Ook vir ons innerlike pyn en wonde het JESUS gesterf.

Luk 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die

wat verbryself van hart is, te genees;
Luk 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur;
om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

5. Hande; 6. Voete; 7. Hart.

‘Die Romeine het ’n verskeidenheid van kruise gebruik, bv. ’n X-vormige kruis, maar in die meeste gevalle is die Latynse kruis (†) of die Tau-kruis (T) gebruik. Die mees algemene kruis was 1.8 – 2.4 meter hoog, die dwarsbalk 1.5 – 1.8 meter lank en dit het tot 130 kg geweeg. Die regop deel van die kruis is meesal voor die tyd geplant en die dwarsbalk is daaraan vasgemaak nadat die slagoffer vasgespyker of vasgebind is. **Soms is daar ’n stut vir die boude aangebring en, minder dikwels, ’n voetstuk.** ‘

<http://www.christelikebiblioteek.co.za/>

Die kruisiging self !

‘In Jerusalem was dit gebruiklik dat vroue die slagoffer ’n pynstillende drankie aangebied wat van wyn en mirre of reukolie gemaak is. As hy nie reeds sonder klere was nie, is sy klere op hierdie stadium uitgetrek en moes hy op sy rug lê met sy arms langs die dwarsbalk. Die dwarsbalk is dan aan die arms vasgemaak met ysterpenne wat deur sy polse geslaan is, eerder as deur sy hande wat nie die liggaamsgewig kon dra nie sonder dat dit losgeskeur het. By geleentheid is die slagoffer onderstebo gekruisig. Die dwarsbalk en slagoffer is dan opgelig en aan die paal vasgemaak wat vooraf geplant is, en die voete is aan die paal vasgebind of vasgespyker.

Die soldate het die slagoffer se klere verdeel en gewag totdat hy sterwe. **As daar noodsaak was vir ’n vinnige dood, of om seker te maak dat hy alreeds dood is, is een of beide bene onder die knieë met ’n koevoet gebreek,** die gekruisigde kan dus nie meer vastrap om asem te haal nie, en sterf aan versmoring. Na die dood is die familie toegelaat om die liggaam te verwyder en te begrawe nadat hulle **toestemming van ’n regter gekry het.** Soms was dit die gewoonte om die lyk op die kruis te laat sodat dit deur diere en voëls opgeëet kan word, of word in die Hinnom vallei weggegooi die die vullishoop van Jerusalem.

Oorsake van die kruisdood !

Die oorsaak van die dood by meeste slagoffers is **'n gebrek aan suurstof** in die bloed as gevolg van belemmering van asemhaling en van die bloedsomloop. Om aan die arms te hang bemoeilik asemhaling omdat die asemhalingsspiere nie doeltreffend kan werk nie. Wanneer spierkrampe dan begin het, is asemhaling verder bemoeilik omdat die slagoffer homself nie aan sy arms kon optrek nie.

Verligting van die asemnood deur die strek van die bene, wat die las op die arms en borskas sou verminder, word progressief moeiliker.

Uiteindelik kan die borskasspiere nie meer gebruik word nie, en kan slegs die diafragma (middelrif) gebruik word om asem te haal. Verstikking is dan onvermydelik. Die suurstofgebrek verhinder die werking van die hart, en gevolglik kan die bloeddruk nie gehandhaaf word nie.

Die veroordeelde op die kruis het 'n stadige dood gesterf, 'n dag of meer, en hy het hoofsaaklik gesterf vanweë multi-organversaking. Bloedverlies, ontwatering, en tekort aan suurstof in die bloed, dit alles veroorsaak dat die hart uiteindelik stop en die slagoffer sterwe. ‘

<http://www.christelikebiblioteek.co.za/>

Koning Dawid 1,000 vC Profeteer dat geen been van Hom sal gebreek word nie.

Psm 34:21 **Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie.**

Joh 19:31 En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was groot— het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.

Joh 19:32 Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was;

Joh 19:33 maar toe hulle by Jesus kom en **sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.**

Joh 19:34 Maar **een van die soldate het met 'n spies in sy sy** [hart] gesteeek, en dadelik het daar bloed en water uitgekóm.

Koning Dawid 1,000 vC Profeteer ook die Kruisiging van Jesus.

Psm 22:2 **My God, my God, waarom het U my verlaat,**

"Die vierde kruiswoord van Jesus." Mat 27:46 My God, my God, waarom het U My verlaat?

Psa 22:13 Baie stiere het my omsingel, sterkes van Basan het my omring.

Psa 22:14 **Hulle het hul mond teen my oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul.**

Psa 22:15 Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande.

Psa 22:16 **My krag is verdroog soos 'n potskerf,** en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood.

Psa 22:17 **Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe.**

Psa 22:18 Al my beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevallen op my neer!

Psa 22:19 **Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad.** Mar 15:24 En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle Sy klere verdeel deur die lot te werp oor wat elkeen moes kry.

Psa 69:2 **En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.** Mat 27:34 en vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie.

Psm 129:3 **Ploeërs het op my rug geploeg; hulle het hulle vore lank getrek.** Mark 15:15 en nadat hy (Pilatus) Jesus laat gésel het, het hy Hom oorgelewer om gekruisig te word. { Jesus se rug het soos n geploegde land gelyk }

Psm 31:6 **In u hand gee ek my gees oor.** Luk:23:46 ... Vader in u hande gee Ek my gees oor. (Die sewende kruiswoord van Jesus)

SAGARIA 519 vC

Sag 13:6 En as iemand vir Hom sê: **Watter wonde is daardie tussen jou hande?** dan sal Hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende.

Sag 11:12 Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. **Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer.** Mat 26:15 Wat wil u my (judas) gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg. " judas het Jesus in die hande van die Sanhedrin oorgelewer " (Jesus was verkansel deur Judas vir die prys van n beseerde slaaf; Exo 21: 32 As nbees n slaaf of slavin stoot, moet hy aan hulle heer dertig sikkels silwer gee.. " Die prys van ses - R6-00 ")

Sag 11:13 Hierop sê die HERE vir my: **Gooi dit vir die pottebakker**—die heerlike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die HERE vir die pottebakker gegooi. Mat 27: 7 En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die **pottebakker** daarmee gekoop as n begraafplaas vir vreemdelinge. Vers 8 Daarom is die stuk grond genoem **bloedgrond, = "AKELDAMA"** tot vandag toe.

JESAJA 700 vC "DIE KRUISIGING VAN JESUS !!!! "

Jes 50:6 **Ek het my rug gegee vir die wat slaan**, en my wange vir die wat die hare uitpluk; {Jesus se baard was uit Sy wange gepluk, Hy het Sy rug gegee om geysel te word.}

Jes 53:1 Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?

Jes 53:2 **Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond.** Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.

Jes 53:3 **Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg;** Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.

Jes 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplag, deur God geslaan en verdruk was.

Jes 53:5 **Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel;** die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Jes 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; **maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal**

op Hom laat neerkom.

- Jes 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy **mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders**—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.
- Jes 53:8 Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.
- Jes 53:9 **En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke** was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie.
- Jes 53:10 Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; **Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die** HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.
- Jes 53:11 Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdigte, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.
- Jes 53:12 **Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met** magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.

Die sewe Kruiswoorde van JESUS !!!

Die wet het bepaal dat die een wat aan n hout hang, vervloek is (Deut 21:23) Jesus Christus kon ons slegs van die vloek van die wet loskoop deur vir ons n vloek te word. Gal 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons n vloek te word - want daar is geskrywe: vervloek is elkeen wat aan n hout hang.

Jesus het ses ure aan die kruis gehang. Dit was die derde uur, dit is nege-uur in die oggend, toe hulle Hom gekruisig het (Mark 15:25) . Die sesde uur was die middag uur, en Hy het op die negende uur gesterf, dit was om drie-uur die namiddag. Die ses ure word in twee periodes van drie uur elk verdeel deur duisternis wat op die mid-daguur oor die hele aarde gekom het (Luk23:44). Die eerste drie kruiswoorde is gedurende die eerste drie uur uitgespreek, in die daglig. Met die eerste drie kruiswoorde het Jesus iemand of die toeskouers daar aangespreek. Die laaste vier kruiswoorde is

gedurende die laaste drie ure uitgespreek, in duisternis. Met die laaste vier kruiswoorde het Jesus Sy eensaamheid, Sy lyding, Sy oorwinning en Sy herstel terug in die hande van die Vader verwoord. Hierdie vier kruiswoorde betrek die heerlijkheid van die versoening.

- (1) DIE EERSTE: **Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie** (Luk 23:34); Jes 53 :12). Hierdie kruiswoord begin met Vader. Dit begin met n gebed vir Sy martelaars en kruisigers.
- (2) DIE TWEDE: Jesus het geantwoord: **Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees** (Luk 23:43). So het Jesus die misdadiger op die kruis aan sy regterhand aangespreek, die man wat gevra het dat Hy aan hom moes dink.
- (3) DIE DERDE: **Vrou, daar is u seun ! (Johannes) daar is jou moeder** (Joh 19:26,27) ! Hy het Sy eie moeder en Sy geliefde dissipel aangespreek. Jesus het die twee in n liefdevolle verhouding geplaas waar Johannes Sy posisie moes inneem.
- (4) DIE VIERDE: **My God, My God, Waarom het U My verlaat** (Mark 15:24; Psm 22:1) ? Hier kom ons by die middelpunt van die sewe kruiswoorde en by die diepste openbaring van Christus se verlossingsplan. Dit was die oomblik van volkome verlatenheid. Die geestelike omvang van hierdie uitroep oortref alle verbeelding. Maar selfs ten tye van Sy diepste angs kon die geskrewe Woord steeds uit die vleesgeworde Woord gepars word.: Psm 22:1 (Vergelyk; Psm 22:5)
- (5) DIE VYFDE: **Ek het dors** (Joh 19:28; Psm 69:22)! Aan die begin het Jesus die verdowende drank wat gewoonlik aan kruiseling gegee word geweier. (Mat27:34) Op hierdie stadium het die dorstige foltering vir Hom byna te veel geword.
- (6) DIE SESDE: **Dit is volbring** (Gr = tetelestai - Joh 19:30) Die werkwoord tetelestai is in die voltooide verlede tyd (perfektum) geskryf. Die perfektum druk n voltooide en afgehandelde handeling uit. Deur een volbragte offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word (Heb 10:14) Die Nuwe Testament het dus in al sy volheid deurgebreek. Verder het Jesus die owerhede en magte van die duisternis uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer (Kol 2:15)

Voor die kruisiging van Jesus, het Lucifer mag oor die dood gehad en sy krag was "Dunamis" = ongehinderde mag.

1 Joh 3:8 (b) Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke { Dunamis } van die duiwel te verbreek.

Vers 10 (a) Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar.

Heb 2:14(b) ... sodat Hy (Jesus) deur die dood hom (Lucifer) tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel.

Kol 2:15 nadat Hy (Jesus) die owerhede en magte UITGEKLEE en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

"UITGEKLEE" van n koning in die Romeinse tyd; Wanneer n land ingeneem word in die Romeinse tyd word die koning van die betrokke land totaal ontklee as vernedering, op n strydwa geplaas en deur sy stad vervoer as bewys dat sy land ingeneem is en n koning het geval.

Dit is dus Paulus se verduideliking hier hoedat Jesus Lucifer uitgeklee het, totaal gestroop het. Lucifer se krag nou is "EXOUSIA". Net wat ons hom toelaat. Luk 9:1(b) en aan hulle (Die kerk) mag en gesag gegee oor al die duiwels. Hand 1:8 En julle "Die kerk" sal krag "DUNAMIS" ontvang.

- (7) DIE SEWENDE: [Vader, in U hande gee EK my gees oor](#) (Luk 23:46; Psm 31:6) Hierdie woorde is met n groot stem uitgeroep. Dit was nie die stille fluistering van n sterwende nie. Dit was die triomfantlike oorwinnaarskreet van die goeie Herder wat Sy lewe vir Sy skape afgelê het. Niemand het Sy lewe van Hom afgeneem nie, maar Hy het dit uit Homself afgelê (Joh 10:18)

Sy dierbare liggaam was leeggebloeï vir ons. Hy het al sy kosbare bloed vir ons gestort, sodat ons nie nodig het om gestraf te word vir ons sonde nie en sodat ons genesing kan ontvang van al ons kwale en siektes. Sy bloed is ook een van ons kosbaarste wapens teen ons vyand, die Satan. Deur SY kosbare bloed het ons nou met vrymoedigheid toegang tot GOD die VADER.

Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

Heb 10:20 op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,

Ons moet nooit vergeet nie hoewel Jesus meer as tweeduisend jaar gelede gesterf het, het die bloed nog nooit sy krag verloor nie. Die bloed

van Jesus verlos uit satans mag en reinig ons van alle sonde, sonder Jesus se bloed is daar geen sonde vergifnis, verlossing of bevryding nie.

Heb 9:13 **Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers** wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,

Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

In Sy offer aan die kruis, is al die vereistes wat God ooit gestel het vir 'n onskuldige en volmaakte offer in die plek van 'n ander, volkome vervul.

Daar is geen aardse of mediese ontsmettingsmiddel wat jou kan onsondig nie - **slegs die Bloed van Jesus**. Hierdie Hemelse Antibiotika kan die grootste en vuilste sondaar heel en skoon voor God stel. Daarom Sê Jesaja 1:18 Kom nou laat ons die saak uitmaak, sê die Here: Al was jou sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal wit word soos wol.

Die waarde van die bloed van Christus Dit is Goddelike bloed!

Ons moet onthou dat Jesus se bloed totaal verskil van die van enige ander **mens, omdat Hy op 'n totaal ander wyse verwek is**, nl. deur die bonatuurlike inseminering van die Heilige Gees, dat die Heilige Kind Jesus, die Seun van God, toe in menslike gestalte gebore is. (Sien Luk. 1: 31, 34, 35). Mat 1: 18 Die geboorte van Jesus Christus was dan so: Toe Sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die HEILIGE - GEES.

In sy boek “The Power of the Blood” verduidelik H.A. Maxwell Whyte dat geleerdes bevind het 'n kind se bloed- tipe word bepaal die oomblik as daar bevrugting plaasvind tussen 'n manlike saadseel en 'n vroulike eiersel. Die kind se bloed- tipe verskil dus van die moeder s'n en tydens swangerskap vloei daar nie van haar bloed deur sy are nie – hy word deur die plasenta gevoed. Daar kan ook altyd later deur middel van bloedtoetsing bepaal word wie die vader van die kind is. Vanaf die bevrugting tot by die geboorte gaan daar nie een enkele druppel bloed van die moeder na die kind oor nie. Die moeder dra absoluut geen

bloed by nie.

Jesus het nie mens geword deur 'n normale bevrugting tussen 'n man en vrou nie, en Hy het ook nie eers ontstaan toe Hy in Betlehem gebore is nie. Hy was van alle ewigheid af daar, maar het net in die volheid van die tyd mens geword in die liggaam wat Vader- God vir Hom voorberei het. (Sien Gal.4:4 en Heb.10:5). Maria het wel die wonderlike voorreg gehad om die Seun van God in haar liggaam te dra, maar Sy bloed het van Sy **Vader in die hemel gekom deur 'n bonatuurlike daad van God. Indien Jesus n aardse vader se bloed in Hom gehad het, sou Hy nooit die Sondelose Seun van God kon wees nie. Hoe wonderbaarlik het God voorbereidings getref vir die maagdelike geboorte van Sy Seun. Toe Hy die vrou geskape het, het Hy haar so gemaak dat geen bloed van haar na haar spruit kan oorgaan nie. DIE MAN ALLEEN IS DIE VERSKAFFER VAN DIE BLOED.**

Dit is sondelose bloed!

Omdat Jesus se bloedlyn nie van Adam ontstaan nie, maar van God en omdat Jesus nooit enige sonde gedoen het nie, kan ons met groot vrymoedigheid sê dat Sy bloed suiwer, sondelose bloed is, m.a.w. die kiem van die verderflike sonde was nie in Sy bloed teenwoordig nie. Juis omdat dit sondelose bloed was, kan dit ons soveel te meer volkome reinig.

2Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

1Joh 3:5 En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.

Dis bloed wat nooit sy krag verloor nie

Al het die bloed van Jesus Christus 2000 jaar gelede op Golgota gevloei, het dit vandag nog steeds dieselfde krag om te red en te reinig. Dit het geensins verander of verminder in waarde nie. Dieselfde bloed wat die mense kon red wat om die kruis gestaan het en wat genoegsaam was om selfs die moordenaar aan die ander kruis toegang tot die paradys te gee, is vandag nog net soveel in staat om mense in een oomblik nuut en vry te maak en jou te reinig van al jou sonde.

Dis bloed met geweldige groot krag

Andrew Murray het 'n boek geskryf oor “Die Krag van die Bloed” en daarin bespreek hy in besonder hoe Jesus se bloed krag het om te verlos, te reinig, te versoen, heilig te maak en toegang tot God vir ons te bewerk. Hy wys ook op die lewe in Sy bloed, die oorwinning wat die bloed bring en die hemelvreugde wat ons eenmaal deur die bloed sal kan ervaar

Die Bloed praat van algehele offer en algehele oorgawe!

Die bloed heilig die altaar. Die altaar is die plek van offer en sterwe – dit is die kruis. Die kruis is deur die Bloed van Jesus geheilig en dit **word my altaar waar ek 'n volkome offer tot heiligmaking bring.** Die Bloed heilig my lewe sodat ek in Sy krag en genade waarlik heilig kan lewe.

Matt 23:19 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die gawe, of die altaar wat die gawe heilig?

Ex 29:37 Sewe dae lank moet jy versoening doen vir die altaar en dit heilig. So sal dan die altaar hoogheilig word: elkeen wat aan die altaar raak, word heilig.

Is my ALLES op die altaar?

Die Bloed plaas die klem op my hart

Dikwels word die uiterlike smart, pyn en lyding wat Jesus gely het op die voorgrond geplaas en selfs sensasioneel beklemtoon. Die Bloed verplaas egter die klem na die innerlike motief, innerlike gesindheid, gemoedstoestand en hartsbegeerte wat Christus aan die kruis geopenbaar het.

Die Bloed wil deur Hom ook hierdie motief en gesindheid in my lewe verwesenlik. Dit gebeur alleen as ek my volkome vereenselwig met die kruis en myself volkome aan Hom offer.

“Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word...”

“Die wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy

hartstogte en begeertes gekruisig...”

“ Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is **die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld.**”

(Rom 6:6 & 11; 2 Kor 4:10-12; Gal 2:20; Gal 5:24&25; Gal 6:14)

Die Bloed in die Plan van God

God Drie-Enig: Vader, Seun en Heilige Gees is onafskeidbaar Een – ook in Sy Goddelike werking deur die Bloed. Die Bloed en Sy besprenkeling **het ‘n sentrale plek in die ewige plan en doel van God.**

Alles is UIT die Vader - - - - Oorsprong

Alles is IN Christus, die Seun - - - - Openbaring

Alles is DEUR die Heilige Gees - - - - Bevestiging deur krag.

1 Pet 1:12: “uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus”.

Die Bloed besit Sy krag alleen deur die Heilige Gees wat ook in die Here Jesus was toe Hy Sy Bloed gestort het.

Net soos die Bloed alleen Sy ewige krag het deur die Heilige Gees, net so openbaar die Heilige Gees Sy Goddelike krag en werking in my hart alleen deur die Bloed.

Die Heilige Gees se grootste werk in my lewe is om Jesus te verheerlik deur die volkome toepassing van die krag van die Bloed in my hart en lewe!!!

Slegs na dié mate wat die Bloed werk, plek inneem, erken en geëer word in my lewe na dié mate werk die Heilige Gees (Joh 6:53-56).

Die Heilige Gees as Persoon plaas God se stempel en waarborg van volkome verlossing op my lewe ALLEEN DEUR DIE KOSBARE BLOED VAN DIE LAM!

Het, en kon die Heilige Gees al die Bloed volkome in my hart en lewe TOEPAS?

Om die bloed van JESUS te pleit/aan te wend.

Om die bloed van Jesus te pleit is nie ‘n ‘towerspreuk’ nie, dis ‘n geestelike dinamiek wat aangewend word in ons stryd teen die vyand.

Een van die magtigste wapens in die arsenaal van die kind van GOD. Die krag in die bloed van JESUS CHRISTUS is baie groter as die krag van enige demoon of Satan self. Die krag wat red is ook die krag wat vrylaat, verlos en die ondernemings van die hel en die swakheid van die vlees neutraliseer. Die toe-eiening van die krag van die Bloed in moeilike omstandighede is bedoel vir elke gelowige in Christus om te ken, te verstaan en aan te wend.

Exo 12:13 Maar die bloed sal vir julle **‘n teken wees** aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

Exo 12:14 En **hierdie dag moet vir julle ‘n gedenkdag wees**, en julle moet dit **as ‘n fees tot eer van die HERE vier**. Julle moet dit **in julle geslagte as ‘n ewige insetting vier**.

As gelowiges kan ons kyk na vier aspekte wat plaasgevind het in daardie antieke gebeurtenis wat onmiskenbaar ook vandag toepaslik is.

1. Die Bloed voorsien beskerming teen die verderwer.
2. Die Bloed voorsien verlossing van die juk van slawerny.
3. **Die Bloed voorsien die belofte van ‘n nuwe dag, ‘n nuwe begin.**
4. **Die Bloed voorsien ‘n getuienis dat dit ‘n plek van veiligheid is vir enigeen wat die dood wou ontkom.**

Wanneer ons die Bloed van Jesus pleit/aanwend in ‘n situasie, beweeg ons in die realm van die bonatuurlike. Ons is nie besig met towerspreuke nie. Omdat dit onsigbaar is, is dit nie minder werklik as die bloed wat daardie nag in Egipte aangewend is nie.

Ons kan dit doen in dieselfde sin wat ‘n prokureur in die hof pleit volgens wettige gronde, na aanleiding van die getuienisse.

As u en ek voor die hemelse hof moet verskyn, het ons die wettige reg om, deur die bloed van JESUS CHRISTUS, om ‘n pleidooi te rig om ons te beroep op die getuienis [SY ‘geslagte’ liggaam en SY gestorte bloed op Golgotha] wat bewys het dat dit die krag van die sonde vernietig, die krag van versoeking, die krag van die dood en die krag van die hel. Dit is aan hierdie krag dat ek my pleidooi rig wanneer ek die bloed van JESUS pleit, wanneer ek demoniese-, fisiese— of persoonlike aanvalle, verdoe-

ming of die versoeking van sonde ondervind. Daar is geen omstandigheid in die lewe waarin die bloed van JESUS nie die sleutel tot GOD se beskermende, losmakende en oplossende krag is nie.

[Die Naam van JESUS, die Bloed van JESUS, die Woord van GOD en lofsange tot eer van GOD is vier magtige wapens in die hand van die gelowige.]

Daar is egter 'n vereiste verbonde aan die werking van die krag van die bloed in ons lewens. Ons lewens moet geheel en al oorgegee en toegewy wees aan ons HERE JESUS. Ons moet 'n skoon en heilige lewe lei.

Die onderstaande is geneem uit die getuienis van *Emmanuel A mos Eni* - ***“Delivered from the powers of darkness.”*** 'n Geharde satanis wat tot bekering gekom het.

*“The second testimony is about a Christian who boarded the same taxi with me. He was very zealous and started distributing Gospel tracts inside taxi. When he gave me the tract I rejected it. He started preaching. So I became disturbed and knocked him with the ring on my finger. That was to kill him. This boy shouted: **“The blood of Jesus!”** Immediately lightning and fire and an angel appeared. A strong wind again removed me with great force out of the taxi and into the thick jungle. Had it not been that I was a man backed by evil powers I could have got lost in the jungle. The Christian did not know the war that went on his behalf. All he knew, including the other passengers, was that I had disappeared from the taxi!*

*The **name of Jesus** or the **Blood of Jesus** in the mouth of the believer sends out fire etc. The Scripture says: **“The Name of the Lord is a strong tower: the righteous run-***

neth into it, and is safe” (Prov 18: 10).”

Dan wil ons ook graag ‘n klein gedeelte aanhaal uit die getuienis van ‘n gelowige vrou wat ‘n sending gesin gaan ondersteun het toe sataniste die dogter wou ontvoer en op “Haloween” aan Satan offer. Dit was kort nadat die pa gesterf het na ‘n ernstige siekbed.

*“I would take the **BIBLE** and begin to walk up and down the trailer hallway, standing on the **WORD OF GOD** and **PLEADING LOUDLY THE BLOOD OF JESUS CHRIST**. I would also **PRA Y IN THE SPIRIT** as well. Hour after hour, night after night, this pattern of prayer and **pleading the BLOOD OF THE LAMB** would continue, until we could collapse exhausted by early morning, as the satanists finally left before the sun **could rise.**”*

*Later, after Halloween, I returned to her home to hear a most amazing true account of the **POWER OF THE BLOOD OF JESUS CHRIST!***

*She told me: "I met a young woman with a newborn child, who came up to me and identified herself as the girlfriend of the satanist leader of the coven after me! She told me she **HAD TO FLEE FROM HIM**, because he threatened to **SACRIFICE HER NEWBORN CHILD TO SATAN** in place of **ME**, if they did not abduct me in time for **HALLOWEEN!**"*

*This woman, now fleeing her satanist boyfriend to protect her endangered newborn, told my astonished friend, "Honey, **JUST KEEP PLEADING THE BLOOD OF JESUS CHRIST over your life!** He would come home*

night after night, SO angry, saying: 'I JUST COULDN'T GET THROUGH THE BLOOD OF JESUS!'

Beroep jou op die BLOED VAN JESUS !!!

Opb 12:11 En hulle het hom {Die satan} oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuigenis, **Beroep u dus op die Bloed van die LAM.** Pleit die Bloed van Jesus. Geen duiwel kan voor die Bloed en die Naam JESUS standhou nie. Die helse horde en demoniese magte sidder en beef, voor die Naam JESUS en die BLOED van die LAM. " Prys die Here Halleluja " Sy Naam is tot ons beskikking. Sê dit: satan in die Naam van JESUS !! Efes 6:17 ... en die swaard van die Gees - dit is die Woord van God. " Ons moet die skrifte teen die magte van die bose inspan; " Kwoteer dit: Daar staan geskryf !! Demone sal op die vlug slaan. Dit is wat Jesus gedoen het met satan Mat 4 "**Daar staan geskryf**"

Die bloed en Genesing.

Watter soort genesings doen die Bloed?

Die bloed bring nie net fisiese genesings tot stand nie, maar ook innerlike genesings, soos emosionele en geestelike wonde.

Luk 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbyseld van hart is, te genees; [emosioneel]

Luk 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig[verlossing] en aan blindes herstel van gesig[fisies]; om die wat gebroke is [geestelik], in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

JESUS was hier besig om uit Jesaja 61 te lees. Hy het slegs die eerste vers gelees, maar vers drie sê ook: "om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir **treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees;** sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die **HERE, tot sy verheerliking.**"

Jes 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede[fisies] op Hom geneem, en óns smarte[emosioneel]—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Die Engelse Bybel druk dit beter uit as die Afrikaanse Bybel.

Isa 53:4 Surely he hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem him stricken, smitten of God, and afflicted.

Isa 53:5 But he *was* wounded for our transgressions, *he was* bruised for our iniquities: the chastisement of our peace *was* upon him; and with his stripes we are healed.

“grief” = leed, droefheid, verdriet, ens

“sorrow” = smart, droefheid, leed, verdriet, ens

Sy wonde—daardie wrede geselhoue en die bloed wat daar gevloei het, volgens Jesaja 53:5, bring vir ons die fisiese genesing wat ons so nodig het.

LIEDERE-DIGTER !!!

Ek is verlos maar deur geen silwer, my skuld betaal maar nie met goud.
Dit was die prys, die Bloed van Jesus - Liefdeprys was my behoud.

1 Pet 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, Vers 19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van n lam sonder gebrek en vlekkeloos

AMEN !!!

Bronnelys:

<http://www.thesower.org.za/>

http://www.bibleclinic.co.za/page/bloed_van_christus

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Tel/Fax (044) 696-5891
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

